Dood of lewend?

Wanneer bewers boomhabitat oorstroom en bome afbreek bevorder hulle gesonde en meer diverse ekosisteme.

Wanneer boomwortels verdrink word deur die skepping van 'n bewerdam, wemel die staande dooie bome steeds van lewe. Hulle huisves baie verskillende organismes, van klein bakterieë, swamme en insekte tot voëls en klein soogdiere, wat die bome vir kos en skuiling gebruik.

Wanneer 'n bewer 'n esp, populier of wilgerboom afbreek, leef die plant nog. Die wortelstelsels bly ongeskonde en kan nuwe lote uitspruit in reaksie op beweraktiwiteit, wat 'n gesonder woud skep met 'n diversiteit van boomhoogtes en ouderdomme. Hierdie gewysigde woud skep 'n gevarieerde omgewing wat bewers sowel as ander wild bevoordeel.

Probeer dit!

Soek gate in die staande dooie bome en dink aan watter voëls, soogdiere en insekte hulle kan gebruik en hoe.

Foto met vergunning van Rose Ratliffe

Vertaling deur Marnel Müller

Friends of Fish Creek Provincial Park Society